Maandag **26 Augustus**

**Skrifgedeelte: Handelinge 16:16-34 (AFR83)**

**Fokusgedeelte: Handelinge 16:30b, 31a**

**Wat moet ek doen?**

Wat moet ek doen om gered te word? Dit is die vraag van die tronkbewaarder van Filippi. Wat moet ek doen? Kan ons iets doen om gered te word? Die antwoord van Paulus en Silas is kort: “Glo in die Here!” Is geloof iets wat ’n mens doen, of beteken dit juis dat jy ophou om iets te doen? Is geloof nie juis dat jy jou laat red deur die Here Jesus nie en dat jy self niks doen nie? Alles is tog net genade van sy kant af.

Geloof ís iets wat ons moet doen. Wat ons moet doen, is om te glo. Geloof is tog om op te hou om op jouself te vertrou en jou hele lewe in die hande van die Here te laat. Dit is om op te hou om jouself te probeer red deur allerhande dinge te moet doen voor God jou genadig sal wees. Geloof is om jou heeltemal oor te gee aan jou Redder. Geloof is om alles van jou Verlosser te verwag.

Wat jy moet doen, is om niks te doen nie, want om iets te doen, kan jy nie! Dit is so moeilik, want ons wil nie ons eie swakheid aanvaar nie. Ons spook en spartel liewer om onsself te red, maar dit werk nie. Kyk eerder gelowig op na jou Redder en God! Gryp Hom vas en vertrou Hom! Dit is tog nie die daad van jou geloof wat jou red nie, maar die Een in wie jy glo. Ten diepste is geloof nie iets wat jy doen – of nie doen nie. Geloof is ’n lewende verhouding met Jesus Christus. Dit is ’n verhouding waarin ek nie wys op wat ek alles doen nie, maar na Hom. Daar hang Hy aan die kruis, vir my! Daar sterf hy, vir my! Daar staan Hy op, vir my! Dit is die Een in wie ek glo! Dit maak die geloof aktief. Dan kan jy sien wat jy in die geloof doen: liefde, bewys jou oorgee aan God, diens lewer en dankbaar wees, omdat jy ’n geredde kind van God is!

*Sing: Psalm 68-1:9*

*Ds. RG (Roelie) Aucamp (Emeritus)*